verkry sal word) en die registrasie deur die Registrateur van Maatskappye van die Hofbevel wat die skema bekragtig; en

– die onvoorwaardelike goedkeuring (of goedkeuring op voorwaardes aanvaarbaar vir ApexHi) van die Mededingingsowerhede vir die implementering van die skema ("Mededingingsgoedkeuring").

Die oorspronklike aankondiging rakende belangrike datums (gepubliseer op 16 April 2009) het in die vooruitsig gestel dat Mededingingsgoedkeuring teen 13 Mei 2009 verkry sou word. Dit word nou in die vooruitsig gestel dat Mededingingsgoedkeuring vroeg in Junie 2009 verkry sal word, wat 'n wysiging van die belangrike datums sal vereis vir die implementering van die skema. 'n Hersiene aankondiging wat die gewysigde belangrike datums weerspieël, sal gepubliseer word sodra die presiese datum van die verwagte Mededingingsgoedkeuring bekend is.

Om enige verdere onvoorsiene oponthoude te akkommodeer met die verkryging van Mededingingsgoedkeuring, het ApexHi en Ambit ooreengekom om die datum vir nakoming van die voorwaardes te verleng vanaf 15 Junie 2009 tot 30 Junie 2009. Die effektiewe datum van die skema bly onveranderd.

14 Mei 2009

KORPORATIEWE ADVISEUR, REGSADVISEUR EN BORG VIR APEXHI
JAVA CAPITAL

KORPORATIEWE ADVISEUR EN BORG VIR AMBIT
M&A GRINDROD BANK

ONAFHANKLIKE ADVISEUR VIR AMBIT
MAZARS

PROKUREURS VIR DIE SKEMA EN REGSADVISEUR VIR AMBIT
DLA CLIFFE DEKKER HOFMEYR

MEDEDINGINGSWETADVISEUR
VANI CHETTY COMPETITION LAW

Ince

---

Tot op die datum van hierdie aankondiging, het Marshall aanvaardings ontvang vir 1,488,465 aandele van Merchant, wat 8,6% van die uitgereikte aandelekapitaal van Merchant is. Gevoeg by die 69,7% wat reeds deur Marshall besit word, verteenwoordig dit 78,3% van die uitgereikte aandelekapitaal van Merchant. 'n Verdere 183,998 (1,1%) aandele moet nog aanvaar word ingevolge 'n onherroepbare ooreenkoms.

Aandeelhouers se aandag word daarop gevestig dat, ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE, indien die aandeelhouersbestek nie deur Merchant volgehou word wanneer die aanbod gesluit het nie, en die 90% nie bereik is nie, daardie aandeelhouers wat nie die aanbod aanvaar nie, aandeelhouers in 'n maatskappy sal bly wat moontlike opskorting en beëindiging van sy notering in die gesig staar.

Kennis geskied hiermee dat die sluitingsdatum van die aanbod verleng is tot 12:00 op Vrydag, 31 Julie 2009.

| **GEWYSIGDE WESENLIKE DATUMS** | **2009** |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling van die Marshalls-aandele | Vrydag, 24 Julie |
| Aandele verhandel "ex" die Aanbod | Maandag, 27 Julie |
| Rekorddatum om aan die Aanbod deel te neem | Vrydag, 31 Julie |
| Sluitingsdatum van die Aanbod om 12:00 | Vrydag, 31 Julie |

Aantekeninge:

1. Die bostaande datums en tye is onderhewig aan verandering. Enige veranderinge sal op SENS vrygestel en in die pers gepubliseer word.
2. Aandeelhouers mag nie hul aandele tussen Maandag 27 Julie 2009 en Vrydag 31 Julie 2009 dematerialiseer of rematerialiseer nie, beide dae inbegrepe.

Alle ander bepalings en voorwaardes van die aanbod bly van krag.

Durban
14 Mei 2009

Borg
sasfin CAPITAL
('n afdeling van Sasfin Bank Beperk)

Ince

---

2009.
Die groep se o
R1,9 miljard was 6%
die ooreenstemmend
verlede jaar. Die k
tingspersentasie in
kwartaal was 71%. D
7% minder as in d
stemmende tydperk.
Die groep sê i
sporttoere kan 'n pos

# Trematon

Die IT-beleggingsm
Trematon sê sy verli
deel in die ses maand
bruarie sal 7,1c meer
die ooreenstemmend
verlede jaar.
Die groep het gist
delsverklaring uitge
Die wesensverdi

---

# CBH

## COUNTRY BIRD HOLDINGS LIMITED

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 2005/008505/06)
Aandelekode: CBH ISIN: ZAE000094835
("Country Bird" of "die maatskappy")

## VERKRYGING DEUR COUNTRY BIRD VAN GEWONE UITGEREIKTE AANDELE IN SOVEREIGN FOOD INVESTMENTS LIMITED

### 1. INLEIDING

Na die verkoop van sy ekwiteitsbelang in Elite Breeding Farms het die direksie van Country Bird besluit om die opbrengs te herbelê in die vorm van 'n strategiese ekwiteitsbelang in Sovereign Food Investments Limited ("Sovereign Foods").

Gevolglik wil hulle aandeelhouers in kennis stel dat die maatskappy deur 'n reeks oopmarktransaksies 4 411 540 gewone aandele in die uitgereikte aandelekapitaal van Sovereign Foods verkry het, wat 'n belang van sowat 13.4% in Sovereign Foods verteenwoordig ("die verkryging").

### 2. DIE VERKRYGING

2.1 **Aard van Sovereign Foods se besigheid**

Sovereign Foods is die beheermaatskappy van een van Suid-Afrika se grootste produsente van bevrore pluimvee. Sovereign Foods se produkte word onder verskeie handelsname verpak wat verskillende markte bedien. 'n Groot persentasie hiervan is gerig op die laerinkomstemark. Sovereign Foods is genoteer op die beurs wat deur die JSE Beperk ("JSE") bedryf word en het teen sakesluiting op 13 Mei 2009, die dag onmiddellik voor die aankondiging, 'n markkapitalisasie van R229 miljoen gehad.

2.2 **Beweegrede vir die verkryging**

Country Bird is van mening dat Sovereign Foods 'n hoë gehalte maatskappy met 'n uitstekende bedryfsprestasierekord sowel as goeie groeivooruitsigte is en is van mening dat 'n vorm van kombinasie van die twee maatskappye hierdie meer doeltreffend sal kan meeding met die groter Suid-Afrikaanse pluimveeprodusente.

Hierdie aankondiging behels vir die doeleindes van die Sekuriteitereguleringskode oor Oornames en Samesmeltings ("die Kode") nie 'n vaste voorneme om 'n aanbod te doen nie. Enige besluit om met 'n aanbod voort te gaan, is onderhewig aan 'n interne strategiese oorsig deur Country Bird en toepaslike samesprekings met die direkteure van Sovereign Foods.

2.3 **Koopprys**

In die tydperk 3 Desember 2008 tot 14 Mei 2009 het Country Bird 'n reeks oopmarktransaksies aangegaan en 4 411 540 van die gewone uitgereikte aandele in Sovereign Foods verkry, wat gelyk is aan sowat 13.4% van die uitgereikte aandelekapitaal. Die transaksies is in kontant vereffen teen 'n kumulatiewe prys van altesaam R23.7 miljoen. Die hoogste prys betaal per aandeel in die tydperk was R6.87, wat ingevolge reël 5 van die Kode, indien Country Bird in die voorsienbare toekoms 'n aanbod aan alle Sovereign Foods-aandeelhouers doen, die prys sal bepaal waarteen sodanige moontlike aanbod gedoen sal moet word.

2.4 **Opskortende voorwaarde**

Daar is geen opskortende voorwaarde vir die verkryging nie.

### 3. *PRO FORMA* FINANSIËLE UITWERKING VAN DIE VERKRYGING

Die onderstaande tabel is 'n uiteensetting van die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking van die verkryging op Country Bird se verdienste per aandeel ("VPA"), wesens-VPA, netto batewaarde ("NBW") per aandeel en tasbare NBW per aandeel.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is opgestel ter illustrasie vir die tussentydperk geëindig 31 Desember 2008 sou die verkryging vir inkomstestaatdoeleindes op 1 Julie 2008 en vir balansstaatdoeleindes op 31 Desember 2008 plaasgevind het.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerking is opgestel deur rekeningkundige beleid te volg wat aan Internasionale Finansiële Rapporteringstaandaarde voldoen en wat ooreenstem met dié wat in Country Bird se resultate vir die tussentydperk geëindig 31 Desember 2008 toegepas is.

Die ongeouditeerde *pro forma* finansiële uitwerkings, wat die direkteure se verantwoordelikheid is, word slegs ter illustrasie opgestel en is weens die *pro forma*-aard daarvan dalk nie 'n billike beeld van Country Bird se finansiële posisie, verandering in ekwiteit, resultate van bedrywighede of kontantvloei nie.

| | Voor die verkryging | Na die verkryging | Persentasie verandering (%) |
|---|---|---|---|
| VPA (sent) | 28.51 | 27.62 | (3.1) |
| WVPA (sent) | 18.60 | 17.72 | (4.7) |
| NBW per aandeel (sent) | 163.95 | 162.83 | (0.7) |
| TNBW per aandeel (sent) | 112.30 | 111.19 | (1.0) |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000) | 187 099 | 187 099 | 0 |

**Aantekeninge:**

1. Die bedrag in die kolom "Voor die verkryging" is 'n uittreksel uit Country Bird se resultate vir die tussentydse tydperk geëindig 31 Desember 2008.
2. Die bedrae in die kolom "Na die verkryging" weerspieël die finansiële uitwerking van die verkryging op Country Bird.
3. Die uitwerking op VPA en WVPA word bereken op grond van die veronderstelling dat die verkryging op 1 Julie 2008 geïmplementeer is.
4. Die uitwerking op NBW per aandeel en TNBW per aandeel word bereken op grond van die veronderstelling dat die verkryging op 31 Desember 2008 geïmplementeer is.

### 4. KLASSIFIKASIE VAN DIE VERKRYGING

Die verkryging word ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE as 'n Kategorie 2 transaksie geklassifiseer.

### 5. OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

Aandeelhouers word in kennis gestel dat die maatskappy sy strategiese alternatiewe ten opsigte van Sovereign Foods oorweeg en voornemens is om die toepaslike samesprekings met Sovereign Foods se direksie aan te knoop, wat 'n wesenlike uitwerking op die prys van die maatskappy se sekuriteite kan hê. Aandeelhouers word gevolglik aangeraai om omsigtig te wees met die verhandeling van die maatskappy se sekuriteite totdat 'n verdere aankondiging gedoen word.

14 Mei 2009
Johannesburg

Borg
Investec Bank Limited
Investec Bank Limited (Registrasienommer 1969/004763/06)

Beleggingsbank
Standard Bank

Ince

---

## KENNIS VAN OMGEWINGSIMPAKBEPALINGS- EN BASIESE BEPALINGSPROSESSE

Kennis word hiermee gegee kragtens Regulasie 56 van die regulasies wat verskyn in Staatskennisgewing Nommer 385 kragtens die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nommer 107 van 1998), soos gewysig en die Omgewingsimpakbepaling Regulasies (2006), van die voornemende die volgende aktiwiteit uit te voer:

**Mokolo en Krokodil (Wes) Wateraanvullingsprojek (MKWAP)**

1. **Fase 1:** Verhoog die toevoer vanuit Mokolodam; en
2. **Fase 2:** Oordra van water vanaf die Krokodilrivier (Wes) na die Lephalale-gebied
3. **Verwydering van bottelnek op 'n bestaande Exxaro pyplyn van Mokolodam na Lephalale**

'n Klasaansoek is vir Omgewingsgoedkeuring ingedien by die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DEAT) vir bogenoemde **MKWAP** sub-projekte. Die tipe omgewingsbepalings, gelyste aktiwiteite waarvoor goedkeuring gevra word, en die DEAT verwysingsnommers vir die sub-projekte is as volg:

| MKWAP sub-projekte | Omgewingsbepaling | Gelyste Aktiwiteite | DEAT Verwysingsnommer |
|---|---|---|---|
| Fase 1 | Omvangsbepaling & Omgewingsimpakbepaling | **Staatskennisgewing No R 386:** 1(k), 1(l), 1(m), 1(n), 4, 7, 12, 15, 16, 20<br>**Staatskennisgewing No R 387:** 1(c), 1(f), 1(n), 1(o), 2, 6, 7, 10 | 12/12/20/1465 |
| Fase 2 | Omvangsbepaling & Omgewingsimpakbepaling | **Staatskennisgewing No R 386:** 1(k), 1(l), 1(m), 1(n), 4, 7, 12, 15, 16, 20<br>**Staatskennisgewing No R 387:** 1(c), 1(f), 1(n), 1(o), 2, 6, 7, 10 | 12/12/20/1466 |
| Verwydering van bottelnek | Basiese Bepaling | **Staatskennisgewing No R 386:** 1(k), 1(l), 1(m), 1(n), 4, 7, 12, 15, 16, 20 | 12/12/20/1467 |

**Voorgestelde Aktiwiteite**

| Fase 1 | Fase 2 | Verwydering van Bottelnek |
|---|---|---|
| Konstruksie van 'n pompstasie en 'n nuwe pyplyn (ongeveer 80 km) met wisselende deursnee (tot 1 900 mm). | **Konstruksie van die volgende:**<br>o Stuwal en ontrekkingswerke;<br>o Hoëdrukpompstasie;<br>o Oordragskema wat bestaan uit 'n stygpyplyn (ongeveer 100 km) met wisselende deursnee (tot 2 400 mm);<br>o Drukbreekreservoir;<br>o Operasionele storingsdam; en<br>o Leweringstelsel wat bestaan uit gravitasiepyplyn (ongeveer 30 km) met wisselende deursnee (tot 2 400 mm). | Die verwydering van 'n bottelnek op 'n bestaande pyplyn wat behoort aan Exxaro en wat strek vanaf die Mokolodam tot by Lephalale. |

**Ligging**

| Fase 1 | Fase 2: Komponent | Fase 2: Ligging | Verwydering van bottelnek |
|---|---|---|---|
| Konstruksie van 'n nuwe pyplyn vanaf Mokolodam na Zeeland, Matimba en Medupi kragsentrales en van daar na Steenbokpan. Die voorgestelde pyplynroete tussen Mokolodam en Matimba kragsentrale is langs die bestaande Exxaro pyplyn, behalwe vir 'n kort gedeelte naby Mokolodam waar die pyplyn die bestaande toegangspad sal volg. | Stuwal en ontrekkingswerke | Mooivalei 342 KQ, naby Thabazimbi | Konstruksie van die eerste 9 km van die nuwe gravitasiepyplyn (vir MKWAP Fase 1) vanaf Wolvenfontein balanseerdamme, met inlaste tot die bestaande pyplyn. Die nuwe pyplyn sal dieselfde roete volg as die bestaande gravitasiepyplyn en die serwituut sal verbreed word om die nuwe pyplyn te akkommodeer. |
| | Hoëdruk pompstasie | Mooivalei 342 KQ, naby Thabazimbi | |
| | Oordragskema – stygpyplyn | Vanaf stuwal tot by die drukverlagingstoringsdam in 'n noordelike rigting | |
| | Drukbreekreservoir | Zondagskuil 130 KQ | |
| | Operationele storingsdam | Klipkloof 365 LQ | |
| | Leweringstelsel – gravitasiepyplyn | Vanaf operasionele reservoir na Steenbokpan, in 'n noordwestelike rigting | |

**Aansoeker**
Departement van Waterwese en Bosbou (DWAF)

**Ope Dae**
Die volgende Ope Dae sal gehou word:

| | Fase 1 | Fase 2 | Fase 2 | Verwydering van Bottelnek |
|---|---|---|---|---|
| Datum: | 28 Mei 2009 | 27 Mei 2009 | 27 Mei 2009 | 28 Mei 2009 |
| Gebied: | Lephalale | Thabazimbi | Lephalale | Mokolo Dam Area |
| Lokaal: | Mogol-konferensiesaal | Kumba Bioskoopsaal | Mogol-konferensiesaal | Ashante Konferensiefasiliteit |
| Tyd: | 08:00 – 13:00 | 08:00 – 13:00 | 15:30 – 19:30 | 15:30 – 19:30 |

**Kontakpersoon/Konsultant**
Salomon Pienaar
Nemai Consulting
Posbus 1673
Sunninghill, 2157

Tel: 011 781 1730
Faks: 011 781 1731
e-pos: salomonp@nemai.co.za

**Kennisgewing se Publikasiedatum**
15 Mei 2009

**Registrasie as Belanghebbende en Geaffekteerde Party**
Ten einde te verseker dat u geïdentifiseer word as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party, stuur asseblief u naam, kontakbesonderhede en belange in die saak aan bogenoemde kontakpersoon. Enige besware teen of kommentaar op die voorgestelde projek behoort binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing aan die kontakpersoon/konsultant gestuur te word.

Dokumentasie in verband met die **MKWAP** projek is beskikbaar op die DWAF Projek Webblad: http://www.dwaf.gov.za/projects.asp.